



# basic education

Department:  
Basic Education  
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

<b>PUNTE</b>	
--------------	--

## JAARLIKSE NASIONALE ASSESSERING 2013 GRAAD 9 AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL TOETS

**PUNTE: 80**

**TYD: 2½ uur**

**PROVINSIE** \_\_\_\_\_

**STREEK** \_\_\_\_\_

**DISTRIK** \_\_\_\_\_

**NAAM VAN SKOOL** \_\_\_\_\_

**OBIS-NOMMER (9 syfers)**

--	--	--	--	--	--	--	--	--

**KLAS (bv. 9A)** \_\_\_\_\_

**VAN** \_\_\_\_\_

**NAAM** \_\_\_\_\_

**GESLAG (✓)**

<b>SEUN</b>	
-------------	--

<b>DOGTER</b>	
---------------	--

**GEBORTE DATUM**

C	C	Y	Y	M	M	D	D
---	---	---	---	---	---	---	---

**Hierdie toets bestaan uit 23 bladsye, die voorblad uitgesluit.**

### **Instruksies aan die leerder**

1. Lees al die instruksies noukeurig deur.
2. Beantwoord al die vrae in die spasies wat voorsien is.
3. Die toets duur 2½ uur.
4. Die onderwyser(es) sal jou deur die oefenvoorbeeld lei voordat jy met die toets begin.
5. Skryf netjies en leesbaar.

### **Oefenvoorbeeld vir meervoudigekeuse-vrae**

Omkring die letter langs die korrekte antwoord.

Waar kom die son op?

- A Die son kom in die weste op.
- B Die son kom in die ooste op.
- C Die son kom in die noorde op.
- D Die son kom in die suide op.

Jy het die vraag korrek beantwoord as jy B omkring het.

**Die toets begin op die volgende bladsy.**

## AFDELING A

Lees die volgende verhaal hieronder en beantwoord vraag 1–6.

- 1 Lank, lank gelede het beide Donderweer en Weerlig op aarde tussen die mense gewoon. Donderweer was 'n ma-skaap en Weerlig was haar seun, 'n ram.
- 2 Nie een van die twee diere was baie gewild onder die mense nie. Wanneer iemand Weerlig aanstoot gegee het, het hy gou woedend geraak en alles wat hy teëgekrom het, aan die brand gesteek. Dit het dikwels hutte, graanskure en selfs groot bome ingesluit. Soms het hy landerye op die plase beskadig en ook mense wat in sy pad was, met sy vuur doodgemaak.
- 3 Sodra Donderweer besef het dat hy hom sleg gedra het, het sy haar stem verhef en so hard as wat sy kon, op hom geskreeu en gebulder. Dit was inderdaad 'n groot geraas! Natuurlik was die bure baie ontsteld; eerstens oor die skade wat deur Weerlig veroorsaak is en ook oor die ondraaglike lawaai van sy ma wat altyd op sy uitbarstings gevolg het.
- 4 Die inwoners van die dorpie het by verskeie geleenthede by die koning gekla. Die koning het uiteindelik die twee van hulle weggestuur om aan die buitewyke van die dorpie te gaan bly en hulle verbied om met die mense van die dorpie te meng.
- 5 Die reëling het egter nie gewerk nie, want Weerlig kon nog steeds die mense sien wanneer hulle in die strate van die dorpie geloop het en het dit maklik gevind om met hulle moeilikheid te soek.
- 6 Die koning het uiteindelik weer vir Donderweer en Weerlig laat roep. “Ek het julle verskeie kanse gegee om 'n beter lewe te lei,” het hy gesê “maar ek kan sien dat dit nie gehelp het nie. Van nou af moet julle ons dorpie verlaat en in die bosse gaan bly. Ons wil nooit weer julle gesigte hier sien nie.” Donderweer en Weerlig moes die koning gehoorsaam. Hulle het die dorpie verlaat, maar was woedend vir die inwoners van die dorpie.

- 7 Daar het egter baie probleme op die inwoners gewag. Weerlig was so kwaad omdat hulle verban was, dat hy die bos aan die brand gestee het. Aangesien dit die droë seisoen was, was dit baie gevaarlik. Die vlamme het na die mense se plase en soms ook na hul huise versprei. Die mense was weer eens moedeloos.
- 8 Die inwoners van die dorpie het gereeld gehoor hoe Donderweer se stem dreun om haar seun te beheer. Wanneer hulle haar stem gehoor het, het Weerlig gewoonlik reeds iewers iets verkeerd gedoen en haar vermaning het dan nie juis gehelp nie.
- 9 Die koning het al sy raadgewers bymekaar geroep en hulle advies gevra. Na vele debatte het hulle op 'n plan besluit. Hulle het besluit om Donderweer en Weerlig van die aarde af te verban. Die koning het hulle gestuur om in die buitenste ruimte te gaan bly.
- 10 Donderweer en Weerlig is die ruimte ingestuur. Die mense het gehoop dat hulle nie meer in staat sou wees om skade aan te rig nie.
- 11 Dit het egter nie so goed uitgewerk soos hulle gehoop het nie. Weerlig verloor nog steeds van tyd tot tyd sy humeur en kan dit dan nie weerstaan om sy vuurstrale na die aarde te stuur wanneer hy kwaad is nie. As dit gebeur, kan jy hoor hoe sy ma skreeu, bulder en donder.

[Aangepas en vertaal uit 'n *Nigeriese fabel*: [www.gatewayafrica.com/stories](http://www.gatewayafrica.com/stories)]

1. Omkring die letter langs die korrekte antwoord.

Waarom het die skrywer die storie geskryf?

- A Hy wou die mag van 'n koning wys.
- B Hy wou die gevare van weerlig uitwys.
- C Hy wou verduidelik waar donderweer en weerlig vandaan kom.
- D Hy wou beklemtoon hoe belangrik dit is om jou ma te gehoorsaam. (1)

2. Omkring die letter langs die korrekte antwoord.

2.1 Wie is die hoofkarakters in die storie?

- A Donderweer en Weerlig
- B Donderweer, Weerlig en die koning
- C Die koning en sy raadgewers
- D Die koning en die inwoners van die dorpie (1)

2.2 Watter woord beskryf vir Weerlig die beste?

- A Onvriendelik
- B Gehoorsaam
- C Sosiaal
- D Vriendelik (1)

3. Omkring die letter langs die korrekte antwoord.

3.1 Kies die korrekte stelling uit die opsies hieronder.

- A Donderweer het daarin geslaag om Weerlig te dissiplineer.
- B Donderweer het nie daarin belanggestel om Weerlig te dissiplineer nie.
- C Donderweer en Weerlig is gestuur om in die buitenste ruimte te gaan bly.
- D Die inwoners was baie geduldig met Donderweer en Weerlig. (1)

3.2 Wat beteken die volgende aanhaling?

“Wanneer iemand Weerlig aanstoot gegee het, het hy gou woedend geraak ...”  
(paragraaf 2)

- A Weerlig het lank gevat om kwaad te raak.
- B Weerlig het kwaad rongehardloop.
- C Weerlig het rooi in sy gesig geraak van woede.
- D Weerlig het baie vinnig baie kwaad geraak. (1)

4. Omkring die letter langs die korrekte antwoord.

Wie vertel die verhaal?

- A Donderweer en Weerlig
- B 'n Derdepersoonsverteller
- C 'n Eerstepersoonsverteller
- D Die koning en die inwoners van die dorpie

(1)

5. Stem jy saam dat Donderweer en Weerlig moes weggaan uit die dorpie en in die buitenste ruimte gaan bly? Jy moet 'n rede gee om jou antwoord te motiveer.

---

---

(2)

6. Beskryf waar Donderweer en Weerlig aan die begin gebly het. Baseer jou antwoord op inligting uit die teks.

---

---

(2)

Lees die gedig hieronder en beantwoord vraag 7.

### Talle tonge

Talle tonge het ek  
een tong op 'n gegewe oomblik  
'n heuningtong  
'n bitter tong  
5 'n tong stomp  
genoeg om te swyg  
my skerp tong klap  
klap soos 'n sweep  
'n keep diep en laat bloei  
10 my suur tong brand  
brand soos asyn  
en laat krimp inmekaar en skend  
Talle tonge het ek  
een tong op 'n gegewe oomblik  
15 'n tong om te sny  
'n tong om te salf  
Ek het talle tonge

deur Mathews Phosa

7. Omkring die letter langs die korrekte antwoord.

7.1 Waarna verwys " 'n heuningtong" in reël 3?

- A Die woorde waarmee hy haat versprei en seermaak
- B Die woorde waarmee hy 'n ander persoon troos
- C Die woorde waarmee hy iemand probeer beïndruk of vlei
- D Die woorde waarmee hy lelike, norse, onvriendelike dinge sê

(1)

7.2 Identifiseer die stylfiguur in reël 11–12.

- A Vergelyking
- B Assonansie
- C Metafoor
- D Alliterasie

(1)

7.3 Identifiseer die stylfiguur in “Talle tonge” (reël 1).

- A Alliterasie
- B Assonansie
- C Metafoor
- D Vergelyking

(1)



Lees die volgende uittreksel en beantwoord vraag 8–16.

### ONTMASKER DIE BOELIES

- 1 Jy mag dink 'n boelie is iemand met 'n bende aanhangers wat op 'n kwesbare persoon pik, hulle rondstamp of hulle toebroodjies tydens pouse gryp en eet – maar boelies kom in verskillende gedaantes.
- 2 Om te boelie is 'n aggressiewe daad met die doel om 'n ander persoon liggaamlik en emosioneel skade aan te doen. Boelies probeer om beheer oor hul slagoffers te kry.
- 3 Navorsing onthul interessante feite oor boelies se selfbeeld. In sommige gevalle is hulle arrogant en egosentries; hulle voel goed as hulle ander mense verkleineer. In ander gevalle is die boelie selfbewus of skaam oor iets en intimideer ander, want dit laat hom magtig en in beheer voel.
- 4 Boelies ervaar onbeheerbare woede, toon aggressiewe gedrag en hulle het soms swak rolmodelle. Kinders wat by die huis mishandel word, boelie gewoonlik kleiner of jonger kinders by die skool om uiting te gee aan hulle gevoelens.
- 5 Kuberboelies is gevaarliker en skadeliker as ander soorte boelies wat baasspelerig is. Kuberboelies is die term wat gebruik word vir boelies wat op sosiale netwerke en kitsboodskap-platforms verskyn. 'n Voorbeeld van 'n sosiale netwerk is Facebook. In die verlede het boelies afstootlike boodskappe met 'n briefie in die klaskamer rondgestuur. Handgeskrewe notas het 'n kort lewensduur. Deesdae word vernederende of onweloweglike boodskappe wyer versprei met behulp van selfone of op die Internet. Sulke boodskappe kan lewenslank 'n negatiewe uitwerking op die slagoffers hê.
- 6 Slagoffers kan ernstige emosionele en gedragsprobleme ontwikkel. Daar blyk 'n sterk verband tussen boelies se afknouery en selfmoordpogings te wees. Party kinders is skaam en onttrek heeltemal sodat hulle nie oor die mishandeling waaraan hulle blootgestel word, kan of wil praat nie.

[Aangepas en vertaal uit *You*-tydskrif, September 2012]

8. Omkring die letter langs die korrekte antwoord.  
Waarom het die skrywer hierdie artikel geskryf?
- A Die skrywer wil boelies sleg laat voel oor hulleself.
  - B Die skrywer wil lesers aanmoedig om 'n einde te maak aan boelies se afknouery.
  - C Die skrywer wil slagoffers van boelies beter laat voel oor hulleself.
  - D Die skrywer wil lesers inlig oor die gevolge van boelies se afknouery. (1)

9. Omkring die letter langs die korrekte antwoord.  
Watter paragraaf gee die beste beskrywing van boelies se afknouery?
- A Paragraaf 1
  - B Paragraaf 2
  - C Paragraaf 3
  - D Paragraaf 4 (1)

10. Omkring die letter langs die korrekte antwoord.  
Hoe laat boelies se afknouery die leser voel?
- A Ontspanne
  - B Sterk
  - C Ontsteld
  - D Gelukkig

11. Die artikel, "Ontmasker die boelies", is in 'n \_\_\_\_\_ gepubliseer. (1)

12. Omkring die letter langs die korrekte antwoord.  
Identifiseer die onderwerpsin in paragraaf 5.
- A Kuberboelies is baie gevaarliker en skadeliker as boelies in ander gedaantes .
  - B Sulke boodskappe kan lewenslank 'n negatiewe uitwerking op die slagoffers hê.
  - C In die verlede het boelies afstootlike boodskappe met 'n briefie in die klaskamer rondgestuur.
  - D 'n Voorbeeld van 'n sosiale netwerk is Facebook. (1)

13. Omkring die letter langs die korrekte antwoord.

13.1 Kies die beste betekenis van die woord “egosentries” (paragraaf 3) soos dit in die teks gebruik word.

- A Hulle geniet dit om mense seer te maak.
- B Hulle dink net aan hulleself.
- C Hulle dink baie van hulleself.
- D Hulle spog daarvoor as hulle ander mense seermaak. (1)

13.2 Wat beteken die volgende aanhaling?

“om uiting te gee aan hulle gevoelens” (paragraaf 4).

- A Hulle wys hoe hulle voel.
- B Hulle tree aggressief op.
- C Hulle spog oor hulle emosies.
- D Hulle haal diep asem as hulle kwaad is. (1)

14. Volgens die uittreksel, waarom is dit vir kuberboelies makliker om mense deesdae op die internet te boelie as in die verlede?

---

---

(1)

15. Wat sê die beskrywing “ ’n Boelie is iemand met ’n bende aanhangers ...” (paragraaf 1) oor die boelies?

---

---

(1)

16. Watter afleiding maak jy oor boelies uit die beskrywing hieronder?


“ ... wat op 'n kwesbare persoon pik ...” (paragraaf 1)

---

---

(2)

17. Bestudeer die grafiek hieronder en beantwoord die vrae.



17.1 Watter taal, volgens die grafiek, word deur die meeste Suid-Afrikaners gepraat?

---

(1)

17.2 Watter taal, volgens die grafiek, word deur die minste Suid-Afrikaners gepraat?

---

(1)

**TOTAAL AFDELING A: 26**

## AFDELING B

18. Die volgende uittreksel bevat SES foute. Skryf die uittreksel korrek oor.  
Onderstreep die foute wat jy reggemaak het.

'n mens leer hulle van keinteid af ken. Wanneer jy eers met 'n boelie kenis  
gemaak het kom jy agter dat hulle nie skaars is. Hulle pas het hulle moontlik ook  
mishandel.

---

---

---

---

---

(6)

19.

- 19.1 Verander die volgende na indirekte rede. Begin die sin soos aangedui.

“Ek het vir hierdie geleentheid beplan,” het die koning gesê.

Die koning het gesê dat \_\_\_\_\_

---

(2)

- 19.2 Verander die volgende na direkte rede. Begin die sin soos aangedui.

Donderweer en Weerlig sê dat hulle gevra is om vandag te gaan.

Donderweer en Weerlig sê: \_\_\_\_\_

---

(2)

20. Voltooi die sin deur die korrekte vorm van die werkwoord tussen hakies te gebruik.

Teen die tyd dat die raadgewers opgedaag het, het die koning al 'n uur lank (wag).

Teen die tyd dat die raadgewers opgedaag het, het die koning al 'n uur lank

\_\_\_\_\_.

(1)

21. Omkring die letter langs die korrekte antwoord.

Wat moet jy doen as jy 'n ongehoorsame seun het?

A Jy behoort hom te dissiplineer.

B Jy mag hom te dissiplineer.

C Jy behoort hom dissiplineer.

D Jy moet dissiplineer hom.

(1)

22. Skryf die volgende sin in die lydende vorm oor. Begin die sin soos aangedui.

Hulle sal die koning se opdrag uitvoer.

Die koning se opdrag \_\_\_\_\_

(2)

23. Omkring die letter langs die korrekte antwoord.

23.1 Donderweer en Weerlig moes in die buitenste ruimte gaan bly, \_\_\_\_\_  
hulle het moeilikheid veroorsaak.

A totdat

B want

C omdat

D alhoewel

(1)

23.2 Kies die korrekte sin uit die volgende:

- A Alhoewel Weerlig stout was, het Donderweer hom liefgehad.
- B Alhoewel Weerlig stout gewas het, het Donderweer hom liefgehad.
- C Alhoewel Weerlig was stout, het Donderweer hom liefgehad.
- D Alhoewel Weerlig stout, het Donderweer hom liefgehad. (1)

24.

24.1 Gebruik 'n voorvoegsel by die onderstreepte woord om die teenoorgestelde betekenis te gee.

Die raadgewers het voorbereid na die koning gegaan.

Die raadgewers het \_\_\_\_\_ na die koning gegaan. (1)

24.2 Omkring die letter langs die korrekte antwoord.

Dit is moontlik dat 'n boelie ook deur sy pa mishandel is.

Wat is die betekenis van die voorvoegsel "mis"?

- A doen dit weer
- B voor
- C sleg
- D nie (1)

25. Skryf die volgende sinne oor:

25.1 Skryf die sin in die verlede tyd oor.

Weerlig verloor nog soms sy humeur.

Verlede jaar \_\_\_\_\_ (1)

25.2 Skryf die sin in die toekomstige tyd oor.

Donderweer het vandag met Weerlig oor sy ongehoorsaamheid geraas.

Môre \_\_\_\_\_ (1)

26. Onderstreep die korrekte vorm van die werkwoord tussen hakies.

As hulle nie probleme veroorsaak het nie, (sou/wou) hulle nou nog in die dorpie gewoon het. (1)

27. Benoem die onderstreepte woordsoort.

Hulle het in 'n klein dorpie gewoon. (1)  
\_\_\_\_\_

28. Gee die korrekte vorm van die woord tussen hakies.

28.1 Weerlig het baie (vinnig) as sy ma beweeg. (1)  
\_\_\_\_\_

28.2 Weerlig en Donderweer moes die (pragtig) dorpie verlaat. (1)  
\_\_\_\_\_

**TOTAAL AFDELING B: 24**



## AFDELING C


29. Skryf 'n kort storie oor 'n slegte ervaring wat jy gehad het. Gebruik die inligting in die in die breinkaart hieronder.

Die volgende instruksies is belangrik:

- Jou storie moet 80–100 woorde lank wees.
- Beplan jou storie in die raampie voorsien.
- Skryf jou finale storie in die spasie voorsien.
- Jy het 45 minute om hierdie vraag te voltooi.

Jou storie sal volgens die volgende kriteria gemerk word:

- Beplanning, lengte en struktuur
- Oorspronklikheid van idees
- Register/styl toon
- Taal, woordeskat, spelling en puntuasie
- Relevansie (hou by die onderwerp)



## BEPLANNING



Blank writing area with horizontal lines.

(20)

30. Jy het onlangs jou 16<sup>de</sup> verjaarsdag gevier. Jou vriende het vir jou 'n groot verrassingspartytjie gehou.  
Skryf 'n kort dagboekinskrywing oor jou gedagtes, ervarings en gevoelens oor die partytjie.

Die volgende instruksies is belangrik:

- Jou dagboekinskrywing moet 60–80 woorde lank wees.
- Beplan jou dagboekinskrywing in die raampie wat voorsien word.
- Skryf jou finale dagboekinskrywing in die spasie wat voorsien word.
- Jy het 30 minute om hierdie vraag te voltooi.

Jou dagboekinskrywing sal volgens die volgende kriteria gemerk word:

- Formaat en lengte
- Oorspronklikheid/Doeltreffendheid van idees
- Register/styl/toon
- Vermoë om emosie oor te dra
- Taal, woordeskat, spelling en punktuasie
- Relevansie (hou by die onderwerp)

## BEPLANNING



Blank writing area with horizontal lines.

(10)

**TOTAAL AFDELING C: 30**

**GROOTTOTAAL: 80**